KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 17 JANUARIE 2017 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh RM Van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr JJ Breunissen | - | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste (waarnemende Direkteur Tegniese Dienste) |
| Me A Louw | - | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste (waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste) |
| Me JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN001/01/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal en open die vergadering met gebed. Op versoek van die Uitvoerende Burgemeester rig die Munisipale Bestuurder ‘n spesiale woord van verwelkoming aan Mnr Andrè Sander van ASM Consulting wat ‘n voorlegging oor die organisasiestruktuur gaan doen.

***

**BKN002/01/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr H Kröhn | - | verlof |
| Mnr JWA Kotzee | - | uitstedig |
| Me A van Sittert | - | verlof |

***

**BKN003/01/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN004/01/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 08 DESEMBER 2016**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 08 Desember 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR Fillis)***

***

**BKN005/01/2017**
**VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester bedank Me van Sittert en haar span vir die funksie vir pensioenarisse gereël vir wyk 2 en wyk 4 gedurende die vakansie asook Mnre J Kotzee en D Josephus vir die suksesvolle byeenkoms gereël op 01 Januarie 2017 in Velddrif.

***

**BKN006/01/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: ORGANISASIE STRUKTUUR HERSIENINGS PROJEK: ASM CONSULTING**
**3/3/1/5**
***(Verslag word ter tafel gelê)***

Mnr Andrè Sander gaan puntsgewys deur die verslag, waarna vrae/kommentaar en insette deur die lede gelewer word.

Mnr Sander bevestig dat die uitvoering van genoemde fases sal geskied deur middel van ′n gedetailleerde projekplan, met teikendatums, om te verseker dat die projek binne die toegekende tyd afgehandel word.

Die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder bedank Mnr Sander vir die voorlegging, waarna hy die vergadering verlaat.

***

**BKN007/01/2017**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN008/01/2017**
**<u>EERSTE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OORHANDIGING VAN FLOW- BOEKE</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder noem dat die FLOW-boek uitgegee is in Desember 2016 en dat Bergrivier se FLOW-projek blootstelling kry in die publikasie. Sy meld dat ′n paar gratis kopieë aan die munisipaliteit geskenk is, waarna die Uitvoerende Burgemeester dit oorhandig aan Rdh R van Rooy, Rdd S Crafford, Rdl M Wessels, Rdh A de Vries, en hulle vir ′n foto poseer.

***

**BKN009/01/2017**
**<u>TWEEDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: NUWEJAARS-GROETE AAN HEIST-OP-DEN-BERG IN BELGIË</u>**
***('n Visuele vertoning word gewys)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee ‘n kort agtergrond waarom die groete video gemaak is vir Heist-op-den-Berg in België. Hierna word die video vertoon.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN010/01/2017**
**<u>VISHUISPERSEEL NO.8: ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN)</u>**
**17/12/3/2**
**(′n *Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê*)**

Raadsheer van Rooy lei die item in en hou die gewysigde aanbeveling voor vir oorweging.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die aansoek van Mev M.H. Marais om haar belange (huurooreenkoms) met betrekking tot die vishuisperseel No. 8 op Erf 486, Velddrif aan Mev. C.E. Smit (ID no: 7806110187088) te sedeer, ingevolge klousule 3 van haar huurooreenkoms met die Raad goedgekeur word, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

   1.1 die grondgedeelte (vishuisperseel no. 8), ongeveer 281.5 m² groot, word aan Mev. C.E. Smit verhuur tot 30 November 2018;

   1.2 Mev. C.E. Smit gaan 'n nuwe ooreenkoms by wyse van 'n addendum met die Raad aan, waarvan die bepalings dieselfde is as die huidige ooreenkoms van toepassing op Mev. M.H. Marais; en

1.3 Alle agterstallige huurgeld met betrekking tot Vishuis no. 8 deur die huidige huurder, Mev. M.H. Marais, aan die Munisipaliteit betaal word alvorens die huurooreenkoms met Mev. C.E. Smit aangegaan word; en

2. Dat 'n ondersoek gedoen word na die toekomstige hantering van die vishuise in Bokkomlaan na verval van die huidige huurkontrakte in 2018.

***

**BKN011/01/2017**

**<u>APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE BERGRIVIER MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK BY EXPANDING THE VELDDRIF/LAAIPLEK URBAN EDGE AND REZONING OF A PORTION OF PORTION 1 OF THE FARM VLAMINKE VLEI NO. 54, DIVISION MALMESBURY FROM AGRICULTURAL ZONE 1 TO SUBDIVISIONAL AREA</u>**

**15/3/8**

***(An amended recommendation was tabled at the meeting)***

The Manager: Planning and Development gave a short background on the item and the amended recommendation.

<u>AMENDED RECOMMENDATION</u>

The following is a replacement of the second and third sections of the recommendation contained in the report by the Department Planning and Development. This replacement does not change the recommendation made by the Department Planning and Development contained in the first section of the recommendation.

FOR CONSIDERATION BY **COUNCIL** (<u>before consideration of the application</u>)

*A letter referenced 15/4/P/BB2 dated 16 September 2016 was received from Mr Piet van Zyl, Head of Provincial Department Environmental Affairs and Development Planning, regarding this application. According to this letter, subsequent to the original submission of the application, the legal framework regarding Spatial Development Frameworks has changed dramatically. Legislation now makes the Municipal Spatial Development Framework (MSDF) part of the IDP, most importantly, that the legislation does not allow for the MSDF to be drafted, adopted or <u>amended</u> in isolation or separate from the IDP. A MSDF must therefore be drafted, adopted or amended (including an urban edge amendment) as part of the municipal IDP drafting, adoption and amendment process, as set out in the Local Government Municipal Systems Act, 2000. While following the MSA procedure for the adoption or amendment of the IDP, there must also be complied with the three new planning laws applicable. The Provincial Department compiled a guideline setting out the process to amend an MSDF in terms of the aforementioned legislation. Against this background, the following needs to take place and therefore requires **Council's approval**:*

1. Approval in order to proceed with review of the current Municipal Spatial Development Framework (MSDF) in accordance with the process set out in Annexure C of the letter received from Mr Piet van Zyl, Head of Provincial Department Environmental Affairs and Development Planning, referenced 15/4/P/BB2 date 16 September 2016, in order to consider incorporation of the portion of Portion 1 of the Farm Vlaminke Vlei No. 54, Division Malmesbury, intended for the proposed development, into the urban edge;

2. Approval in order to proceed with review of the current 2016/2017 IDP in order to accommodate possible amendment of the current Municipal Spatial Development Framework (MSDF);

3. The applicant must accept responsibility to bear all the costs directly related to the above two processes, in writing, prior to commencement of the review processes. Consultants for the review process will be appointed at the sole discretion of the Municipality and the applicant will transfer the required funds to the Municipality prior to commencement of the review processes. Any additional costs will be payable to the Municipality at the stage required. These costs will be determined through the legal MFMA supply chain processes. The outcome of which will be communicated to the applicant; and

4. Review of the current Municipal Spatial Development Framework (MSDF) as well as review of the current 2016/2017 IDP to possibly incorporate the portion of Portion 1 of the Farm Vlaminke Vlei No. 54, Division Malmesbury intended for the proposed development into the urban edge is not an indication of support for the application and the applicant is not to view these processes as an in principle support of the application. The merits of the application will only be considered by the Mayoral Committee after the outcome of the Municipal Spatial Development Framework (MSDF) / 2016/2017 IDP review has been finalised.

***

**BKN012/01/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN013/01/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN014/01/2017**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN015/01/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN016/01/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

**BKN017/01/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:45*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***